Van 'n punt (B₁ op skets P982) op hoofpad 14/2 op die plaas Nomtsas 26 algemeen noordooswaarts oor die plaas Nomtsas 26 tot op 'n punt (C op skets P982) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts en al meer suidwaarts oor die plase Nomtsas 26 en Narobmund 27 tot op 'n punt (D op skets P982) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts en al meer noordooswaarts oor die plase Narobmund 27, ongeregistreerde Gedeelte 2 (Kyalami) van Narobmund 27, Gedeelte 1 (Boverwag) van Dirichas 28, Gedeelte 2 van Gedeelte 1 (Uitsig) van Dirichas 28 en Gedeelte 3 (Dirichas Oos) van Dirichas 28 tot op 'n punt (E op skets P982) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 3 (Dirichas Oos) van Dirichas 28 en Schadeck

No. 232] [15 September 1978

CLOSING OF FARM ROAD 859 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD DISTRICT OF MALTAHÖHE

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Maltahöhe closed farm road 859 which is indicated on sketch-map P982 and which is described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch-map P982, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a farm road (number 859).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

SCHEDULE I

Description of road:

The road described as farm road 859 in Schedule II of Proclamation 43 of 1954 and Schedule III of Proclamation 38 of 1955.

Portion closed:

The whole.

SCHEDULE II

From a point (B₁ on sketch P982) on trunk road 14/2 on the farm Nomtsas 26 generally north-eastwards across the farm Nomtsas 26 to a point (C on sketch P982) on the said farm; thence generally eastwards and more and more southwards across the farms Nomtsas 26 and Narobmund 27 to a point (D on sketch P982) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards and more and more north-eastwards across the farms Narobmund 27, unregistered Portion 2 (Kyalami) of Narobmund 27, Portion 1 (Boverwag) of Dirichas 28, Portion 2 of Portion 1 (Uitsig) of Dirichas 28 and Portion 3 (Dirichas Oos) of Dirichas 28 to a point (E on sketch P982) on the common boundary of the farms Portion 3 (Dirichas Oos) of Dirichas 28 and Schadeck

I wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Maltahöhe en Mariental.

I which is also the common boundary of the districts of Maltahöhe and Mariental.

No. R. 1722 (Republiek) [25 Augustus 1978

No. R. 1722 (Republic) [25 August 1978

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS : WYSIGING IN DIE REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS : AMENDMENT OF THE REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH WEST AFRICA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens 1957 (Wet no. 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Regulasies vir die Hawens van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika afgekondig by Goewermentskennisgewing R.290 van 2 Maart 1962:

The State President has been pleased, in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the following amendments to the Regulations for the Harbours of the Republic of South Africa and of South West Africa published under Government Notice No. R.290 of 2 March 1962:

Regulasie 127

Regulation 127

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Substitute the following for this regulation:

“AANSPREEKLIKHEID VIR DIERE EN DIE AFHAAL EN AFLEWER DAARVAN.

“LIABILITY FOR LIVESTOCK AND COLLECTION AND DELIVERY THEREOF.

127.(1) Die Administrasie is aanspreeklik vir die verlies, dood of besering van lewende hawe in 'n hawe, mits die verlies, dood of besering te wyte is aan nalatigheid aan die kant van die Administrasie of sy dienare: Met dien verstande dat —

127.(1) The Administration shall be liable for the loss or death of or injury to livestock in a harbour, provided that the loss, death or injury is due to negligence on the part of the Administration or its servants: Provided further that —

(a) waar die geldelike verlies wat gely is, die gevolg is van die verlies of dood van lewende hawe, die aanspreeklikheid van die Administrasie beperk is tot 'n bedrag gelykstaande met die markwaarde van die lewende hawe voor dit verloor of gedood is, minus die bergingswaarde van die karkas in die geval van lewende hawe wat gedood is, of tot 'n bedrag van R2 per kilogram bereken op die bruto massa van die lewende hawe voor dit verloor of gedood is, welke bedrag ook al die minste is;

(a) where the pecuniary loss suffered is the result of loss or death of livestock, the liability of the Administration is limited to an amount equal to the market value of the livestock before it was lost or killed, less the salvage value of the carcase in the case where livestock was killed, or to an amount of R2 per kilogram calculated on the gross mass of the livestock before it was lost or killed, whichever amount is the lesser;

(b) waar die geldelike verlies wat gely is, die gevolg is van die besering van lewende hawe, die aanspreeklikheid van die Administrasie beperk is tot 'n bedrag gelykstaande met die verskil tussen die markwaarde van die lewende hawe voor die besering en die verminderde markwaarde van die lewende hawe na die besering, of tot 'n bedrag van R2 per kilogram bereken op

(b) where the pecuniary loss suffered is the result of injury to livestock, the liability of the Administration is limited to an amount equal to the difference between the market value of the livestock before the injury and the decreased market value of the livestock after the injury, or to an amount of R2 per kilogram, calculated on the gross mass of

die bruto massa van die beseerde lewende hawe, welke bedrag ook al die minste is.

- (2) Geen lewende hawe mag by 'n hawe gelaat word sonder dat toestemming vooraf van die hawebestuurder verkry is nie, en lewende hawe wat by 'n hawe gelaat word sonder die voorafgaande toestemming van die hawebestuurder, word uitsluitend op risiko en koste van die eienaar by 'n hawe gelaat.
- (3) Die Administrasie onderneem nie om lewende hawe in 'n hawe af te haal of af te lewer nie.
- (4) By die toepassing van hierdie regulasie, beteken lewende hawe enige dier of voël, hetsy lewendig of dood, en enige vleis of karkas van sodanige dier of voël."

Regulasies 128 en 130

Skrap hierdie regulasies.

Regulasie 140

Wysig hierdie regulasie deur die bedrag "R10,00" waar dit in die agtste en negende reëls voorkom deur die bedrag "R50,00" te vervang.

No. R.1723 (Republiek) | 25 Augustus 1978

DIE DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS: WYSIGING IN DIE ALGEMENE SPOORWEG-REGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysiging van Regulasie No. 2 van die Algemene Spoorweg-regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1560 van 11 Oktober 1963:

Regulasie No. 2

Vervang paragraaf (b) deur die volgende:

- 2(b) Die houer van 'n "retoerkaartjie" moet die heenreis aanvaar op die datum waarvoor die kaartjie gedateer is, en onderworpe aan hierdie regulasies, is hy geregtig om een keer in elke rigting oor dieselfde roete te reis tussen die plekke wat daarop genoem is, behalwe wanneer hy ingevolge hierdie regulasies of 'n spesiale kontrak gemagtig is om die roete van die reis te verander.

the injured livestock, whichever amount is the lesser.

- (2) No livestock may be left at a harbour without the prior consent of the harbour manager having been obtained, and livestock left at a harbour without the prior consent of the harbour manager, shall be left at the harbour at the sole risk and costs of the owner.
- (3) The Administration does not undertake to collect or deliver livestock in a harbour.
- (4) In the application of this regulation, livestock shall mean any animal or bird, whether alive or dead, and any meat or carcass of such animal or bird."

Regulations 128 and 130

Delete these regulations.

Regulation 140

Amend this regulation by the substitution of the amount of "R50,00" for the amount of "R10,00" where it appears in the eighth and ninth lines.

No. R.1723 (Republic) | 25 August 1978

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS: AMENDMENT OF THE GENERAL RAILWAY REGULATIONS

The State President has been pleased, in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), to approve of the following amendment to Regulation No. 2 of the General Railway Regulations published under Government Notice No. R.1560 of 11 October 1963:

Regulation No. 2

Substitute the following for paragraph (b)

- 2(b) The holder of a "return ticket" shall commence the forward journey on the date for which the ticket is dated, and he shall be entitled, subject to these regulations, to travel once in each direction over the same route between the points specified thereon, except when authorised to vary the route of the journey by these regulations or by special contract.

No. R. 1724

25 Augustus 1978

DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE
SPOORWEE EN HAWENS. — WYSIGING IN DIE
ALGEMENE SPOORWEGREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), goedkeuring te verleen aan die volgende wysigings van die Algemene Spoorwegregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1560 van 11 Oktober 1963:

Regulasie 1

Wysig hierdie regulasie—

(a) deur die omskrywing van „brandbare vloeistof” waar dit in paragraaf (a) voorkom, te skrap;

(b) deur die omskrywing van „dienaar” waar dit in paragraaf (a) voorkom, deur die volgende omskrywing te vervang:

„dienaar” iemand in die uitsluitende diens van die Administrasie en wat gemagtig is om op te tree;

(c) deur ná die omskrywing van „dienaar” waar dit in paragraaf (a) voorkom, die volgende omskrywing in te voeg:

„eienaarsrisiko” of „e.r.” met betrekking tot die vervoer van goedere deur die Administrasie, dat die Administrasie sodanige vervoer onderneem op die uitdruklike voorwaarde dat nóg die Administrasie nóg ’n dienaar van die Administrasie aanspreeklik is vir die beskadiging of verlies van sodanige goedere of enige gedeelte daarvan, tensy daar deur die afsender of geadresseerde bewys word dat sodanige beskadiging of verlies veroorsaak is deur die opsetlike wangedrag van die Administrasie of ’n dienaar van die Administrasie: Met dien verstande dat as goedere wat op eienaarsrisiko vervoer word deur nalatigheid aan die kant van die Administrasie of sy dienare beskadig of verloor word, die Administrasie in sy uitsluitlike diskresie en na oorweging van die feite van elke afsonderlike geval, aanspreeklikheid kan aanvaar vir die geheel of vir enige gedeelte van die skade of verlies aldus berokken, en behoudens die bepalings van regulasie 64, sodanige vergoeding kan betaal as wat hy onder die omstandighede billik ag;

(d) deur die omskrywing van „flitspunt” waar dit in paragraaf (a) voorkom, te skrap;

(e) deur die omskrywing van „gevaarlike goedere” waar dit in paragraaf (a) voorkom, te skrap;

(f) deur die omskrywing van „spoorwegrisiko” waar dit in paragraaf (a) voorkom, deur die volgende omskrywing te vervang:

„spoorwegrisiko” of „s.r.” met betrekking tot die vervoer van goedere deur die Administrasie, dat die Administrasie sodanige vervoer onderneem op die uitdruklike voorwaarde dat die Administrasie behoudens die bepalings van regulasie 64, aanspreeklik is vir die beskadiging

No. R. 1724

25 August 1978

DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.—AMENDMENT OF THE GENERAL RAILWAY REGULATIONS

The State President has been pleased, in terms of section 3 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957), to approve of the following amendments to the General Railway Regulations published under Government Notice R. 1560 of 11 October 1963:

Regulation 1

Amend this regulation—

(a) by the deletion of the definition of “combustible liquid” where it appears in paragraph (a);

(b) by the deletion of the definition of “dangerous goods” where it appears in paragraph (a);

(c) by the deletion of the definition of “flash point” where it appears in paragraph (a);

(d) by the insertion after the definition of “Official Railway Tariff Book” where it appears in paragraph (a), of the following definition:

“owner’s risk” or “o.r.” shall mean, in relation to the transport of goods by the Administration, that such transport is undertaken by the Administration on the explicit condition that neither the Administration nor any servant of the Administration shall be liable for damage to or loss of such goods or any part thereof, except upon proof by the consignor or consignee that such damage or loss was occasioned by the wilful misconduct of the Administration or any servant of the Administration: Provided that if goods that are transported at owner’s risk are damaged or lost through negligence on the part of the Administration or its servants, the Administration may in its sole discretion and after consideration of the facts of each individual case, accept liability for the whole of the damage or loss so caused or for any part thereof, and may, subject to the provisions of regulation 64, pay such compensation as it may deem reasonable under the circumstances;

(e) by the substitution for the definition of “railway risk” where it appears in paragraph (a), of the following definition:

“railway risk” or “r.r.” shall mean, in relation to the transport of goods by the Administration, that such transport is undertaken by the Administration on the explicit condition that the Administration shall, subject to the provisions of regulation 64, be liable for the damage to or loss of such goods or any part thereof, however the damage or loss may occur, from the time the Administration accepts the goods in accordance with

of verlies van sodanige goedere of enige gedeelte daarvan, hoe die beskadiging of verlies ook al ontstaan, vanaf die tydstop waarop die Administrasie die goedere ooreenkomstig hierdie regulasies aanneem, totdat die Administrasie hom van aanspreeklikheid bevry deur aflewering van die goedere aan die geadresseerde of sy verteenwoordiger, of deur die goedere ingevolge die Wet in 'n pakhuis te plaas: Met dien verstande dat die Administrasie nie aanspreeklik is nie vir enige skade of verlies wat ontstaan weens 'n inherente gebrek, fout of swakheid of die werking van die goed self, of wat toe te skryf is aan 'n oorsaak waarvoor die Administrasie geen beheer het nie en wat die Administrasie nie redelikerwys kon voorsien het nie;'

(g) deur die omskrywing van „stasie tot stasie” waar dit in paragraaf (a) voorkom deur die volgende omskrywing te vervang:

„stasie tot stasie” of „s tot s”, met betrekking tot die vervoer van goedere, dat sodanige goedere slegs teen eienaarsrisiko vervoer word, dat die tariewe slegs vir die vervoer van sodanige goedere van een plek na 'n ander vasgestel is en dat die Administrasie geen hantering of enige ander dienste in verband met die vervoer van sodanige goedere onderneem nie;'

(h) deur paragraaf (b) te skrap;

(i) deur paragraaf (c) te skrap;

(j) deur regulasie 1 (a) te hernommer na 1.

Regulasie 35

Wysig hierdie regulasie deur paragraaf (f) te skrap.

Regulasie 47

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Administrasie se aanspreeklikheid is beperk

„47. (a) Die aanspreeklikheid van die Administrasie vir verlies of beskadiging van goedere wat vir bewaring by 'n bewaarkamer ingelewer is, is beperk tot 'n bedrag gelykstaande met die markwaarde van die goedere wat verlore geraak het of beskadig is, of tot 'n bedrag van vyftig rand, welke bedrag ook al die minste is.

(b) As 'n persoon goedere vir bewaring by 'n bewaarkamer inlewer waarvan die markwaarde hoër is as vyftig rand en sodanige persoon verlang dat die Administrasie aanspreeklikheid vir die volle waarde van sodanige goedere moet aanvaar, moet hy ten tyde van inlewering die werklike waarde van sodanige goedere aangee en benewens die gewone koste, 'n bedrag daarop betaal soos in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* voorgeskryf.

(c) Die Administrasie behou hom die reg voor om die inhoud van enige houër wat volgens aangifte 'n hoër waarde as vyftig rand het, te ondersoek om seker te maak dat die houër werklik aangewese artikels bevat. Vir hierdie doel moet die bewaargewer alle houers op sy eie koste oopmaak en weer behoorlik toemaak as die dienaar in beheer van die bewaarkamer of die stasiemeester dit vereis.

(d) Die Administrasie kan vereis dat houers wat vir bewaring by 'n bewaarkamer ingelewer word en wat maklik verseël kan word, sorgvuldig deur die bewaargewer verseël word, of die Administrasie kan self die houers verseël. As die houers daarna afgelewer word sonder dat daardie seëls geskend is, is die Administrasie nie vir verlies of skade aanspreeklik nie.”

these regulations, until the Administration releases itself from liability by delivering the goods to the consignee or his representative, or by placing the goods in a warehouse in terms of the Act: Provided that the Administration shall not be liable for any damage or loss arising from an inherent defect, vice, or weakness or the action of the goods itself, or which is attributable to a cause over which the Administration has no control and which the Administration could not reasonably have foreseen;'

(f) by the substitution for the definition of “servant” where it appears in paragraph (a), of the following definition:

“servant” shall mean a person exclusively employed by the Administration and who is authorised to act;'

(g) by the substitution for the definition of “Station to Station” where it appears in paragraph (a), of the following definition:

“station to station” or “s to s”, in relation to the transport of goods, shall mean that such goods are transported at owner's risk only, that the rates have only been prescribed for the haulage of such goods from one point to another and that the Administration undertakes no handling or any other services in connection with the transport of such goods;'

(h) by the deletion of paragraph (b);

(i) by the deletion of paragraph (c);

(j) by the renumbering of regulation 1 (a) to 1.

Regulation 35

Amend this regulation by the deletion of paragraph (f).

Regulation 47

Substitute the following for this regulation:

Administration's liability is limited

“47. (a) The liability of the Administration for the loss of or damage to goods tendered for deposit in a cloakroom, shall be limited to an amount equal to the market value of the goods lost, or damaged, or to an amount of fifty rand, whichever is the lesser.

(b) If a person tenders for deposit in a cloakroom goods of which the market value is in excess of fifty rand and such person desires the Administration to accept liability for the full value of such goods, he shall at the time of deposit declare the true value of such goods, and shall pay thereon, in addition to the ordinary charges, an amount prescribed in the *Official Railway Tariff Book*.

(c) The Administration reserves the right to examine the contents of any container declared to be of a higher value than fifty rand with the object of satisfying itself that the container actually contains the articles declared to be therein. For this purpose all containers must be opened and securely refastened by the depositor at his own expense, if so required by the servant in charge of the cloakroom or the station master.

(d) The Administration may require that containers tendered at a cloakroom for deposit and which are capable of being conveniently sealed, shall be carefully sealed by the depositor, or the containers may be sealed by the Administration itself. If the containers are subsequently delivered with those seals intact, no liability for loss or damage shall attach to the Administration.”

Regulasie 54

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Pakkette vervoer met passasierstreine, spesiale pakkette-treine, padvervoervoertuie, of gesamentlik met die S.A. Lugdiens

„54. Die vraggeld vir pakkette wat met passasierstreine, spesiale pakkette-treine, padvervoervoertuie of gesamentlik met die Suid-Afrikaanse Lugdiens vervoer moet word, word bereken teen die tariewe vasgestel in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* en die *Lugdiens tariefboek* en sulke pakkette moet saam met 'n vragbrief wat behoorlik ooreenkomstig regulasie 101 ingevul is, aan die Administrasie oorhandig word.”

Regulasie 57

Wysig hierdie regulasie deur die woorde „per passasiertrein” waar dit in die tweede reël van paragraaf (a) voorkom, te skrap.

Regulasie 62

Wysig hierdie regulasie—

(a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) Sulke artikels word slegs op bepaalde dae vir vervoer per spoor aangeneem, en besonderhede daarvan kan by die Administrasie verkry word.”;

(b) deur paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(e) Sulke artikels word vir vervoer oor die Administrasie se padvervoerroetes aangeneem slegs indien reëlins vooraf met die Administrasie getref is, en kennis van die voorneme om sulke artikels deur die padvervoerdienste te laat vervoer, moet gegee word minstens 24 uur voor die vertrek van die padvoertuig waarmee die afsender die genoemde artikels wil laat vervoer.”;

(c) deur paragraaf (f) te skrap.

Regulasie 64

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

„AANSPREEKLIKHEID

Administrasie se aanspreeklikheid vir verlies, beskadiging of vertraging, is beperk

64. (a) Behoudens die bepalings van die Wet en van hierdie regulasies, is die aanspreeklikheid van die Administrasie vir verlies of beskadiging van goedere, hoe ook al veroorsaak, beperk—

(i) waar die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die totale verlies van 'n besending, tot 'n bedrag gelykstaande met die markwaarde van die besending wat verlore geraak het, of tot 'n bedrag van vyf rand per kilogram in die geval van goedere behalwe lewendes hawe, en twee rand per kilogram in die geval van lewendes hawe, bereken op die bruto massa van die betrokke besending, welke bedrag ook al die minste is;

(ii) waar die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die verlies van 'n gedeelte van 'n besending, tot 'n bedrag gelykstaande met die markwaarde van daardie gedeelte van die besending wat verlore geraak het, of tot 'n bedrag van vyf rand per kilogram in die geval van goedere behalwe lewendes hawe, en twee rand per kilogram in die geval van lewendes hawe, bereken op die bruto massa van die betrokke gedeelte van die besending wat verlore geraak het, welke bedrag ook al die minste is;

Regulation 54

Substitute the following for this regulation:

Parcels transported by passenger trains, special parcels trains, road transport vehicles, or jointly with the S.A. Airways

“54. Parcels intended for transport by passenger trains, special parcel trains, road transport vehicles or jointly with the South African Airways, will be charged at the rates prescribed in the *Official Railway Tariff Book* and the *Airways Cargo Tariff Manual*, and such parcels shall be tendered to the Administration together with a consignment note duly completed in terms of regulation 101.”

Regulation 57

Amend this regulation by the deletion of the words “by passenger train” where they appear in the second line of paragraph (a).

Regulation 62

Amend this regulation—

(a) by the substitution of the following paragraph for paragraph (a):

“(a) Such articles will only be accepted for transport by rail on fixed days, particulars of which may be obtained from the Administration.”;

(b) by the substitution of the following paragraph for paragraph (e):

“(e) Such articles will be accepted for transport on the Administration's road transport services only by prior arrangement with the Administration, and notice of the intention to have such articles transported by the road motor service, shall be given at least 24 hours before the departure of the road vehicle by which the consignor desires the said articles to be transported.”;

(c) by the deletion of paragraph (f).

Regulation 64

Substitute the following for this regulation:

“LIABILITY

Administration's liability for loss, damage or delay is limited

64. (a) Subject to the provisions of the Act and of these regulations, the liability of the Administration in respect of the loss of or damage to goods, however occasioned, shall be limited—

(i) where the pecuniary loss suffered is the result of the total loss of a consignment, to an amount equal to the market value of the consignment lost, or to an amount of five rand per kilogram in the case of goods other than livestock, and two rand per kilogram in the case of livestock, calculated on the gross mass of the consignment concerned whichever amount is the lesser;

(ii) where the pecuniary loss suffered is the result of the loss of a part of a consignment, to an amount equal to the market value of that part of the consignment lost, or to an amount of five rand per kilogram in the case of goods other than livestock, and two rand per kilogram in the case of livestock, calculated on the gross mass of the relevant part of the consignment lost, whichever is the lesser;

(iii) waar, in die geval van goedere behalwe lewende hawe, die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die beskadiging van 'n besending of 'n gedeelte van 'n besending, en die skade sodanig is dat dit herstel kan word, tot 'n bedrag gelykstaande met die herstelkoste van die besending of gedeelte van die besending, na gelang van die geval, of tot 'n bedrag van vyf rand per kilogram bereken op die bruto massa van die beskadigde besending of beskadigde gedeelte van die besending, na gelang van die geval, welke bedrag ook al die minste is;

(iv) waar, in die geval van goedere behalwe lewende hawe, die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die beskadiging van 'n besending of 'n gedeelte van 'n besending, en die skade sodanig is dat dit nie gereedlik herstel kan word nie, tot 'n bedrag gelykstaande met die oorspronklike markwaarde voor beskadiging, minus bergingswaarde na beskadiging, of tot 'n bedrag van vyf rand per kilogram bereken op die bruto massa van die besending of gedeelte van die besending wat beskadig is, welke bedrag ook al die minste is;

(v) waar, in die geval van lewende hawe, die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die besering van lewende hawe, tot 'n bedrag gelykstaande met die verskil tussen die markwaarde van die lewende hawe voor die besering en die verminderde markwaarde van die lewende hawe na die besering, of tot 'n bedrag van twee rand per kilogram bereken op die bruto massa van die beseerde lewende hawe, welke bedrag ook al die minste is;

(vi) waar, in die geval van lewende hawe, die geldelike verlies wat gely is die gevolg is van die dood van lewende hawe, tot 'n bedrag gelykstaande met die markwaarde van die lewende hawe voor dit gedood is, minus die bergingswaarde van die karkas, of tot 'n bedrag van twee rand per kilogram bereken op die bruto massa van die lewende hawe voor dit gedood is, welke bedrag ook al die minste is.

(b) Die Administrasie is aanspreeklik vir verlies wat uit vertraging voortspruit, mits die vertraging aan nalatigheid aan die kant van die Administrasie te wyte is: Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Administrasie vir vertraging beperk is tot 'n bedrag gelykstaande met die geldelike verlies wat gely is as gevolg van die vertraging, of tot 'n bedrag van vyf rand per kilogram in die geval van goedere behalwe lewende hawe, en twee rand per kilogram in die geval van lewende hawe, bereken op die bruto massa van die besending wat vertrap is, welke bedrag ook al die minste is.

(c) By die toepassing van hierdie regulasie, beteken lewende hawe enige dier of voël, hetsy lewendig of dood, en enige vleis of karkas van sodanige dier of voël.

(d) Wanneer 'n eis ingevolge artikel 64 van die Wet teen die Administrasie ingestel word vir beskadiging van 'n besending of 'n gedeelte van 'n besending goedere, kan die Administrasie na goeddunke daardie beskadigde besending of gedeelte wat beskadig is, te eniger tyd van die eiser se perseel of enige ander plek waar die beskadigde goedere geberg word, verwyder en in 'n skutloods plaas."

Regulasie 65

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Premie vir verhoogde aanspreeklikheid

„65. (a) As die markwaarde van goedere wat aan die Administrasie vir vervoer teen spoorwegrisiko aangebied word, meer bedra as—

(i) in die geval van goedere behalwe lewende hawe, 'n bedrag van vyf rand per kilogram bereken op die bruto massa van die goedere; of

(iii) where, in the case of goods other than livestock, the pecuniary loss suffered is the result of damage to a consignment or a part of a consignment, and the extent of the damage is such that it can be repaired, to an amount equal to the cost of repairs of the consignment or part of the consignment, as the case may be, or to an amount of five rand per kilogram, calculated on the gross mass of the damaged consignment or damaged part of the consignment, as the case may be, whichever amount is the lesser;

(iv) where, in the case of goods other than livestock, the pecuniary loss suffered is the result of damage to a consignment or part of a consignment, and the extent of the damage is such that it cannot be readily repaired, to an amount equal to the original market value before the damage, less the value of the salvage after damage, or to an amount of five rand per kilogram, calculated on the gross mass of the consignment or part of the consignment damaged, whichever amount is the lesser;

(v) where, in the case of livestock, the pecuniary loss suffered is the result of injury to livestock, to an amount equal to the difference between the market value of the livestock before the injury and the decreased market value of the livestock after the injury, or to an amount of two rand per kilogram, calculated on the gross mass of the injured livestock, whichever amount is the lesser;

(vi) where, in the case of livestock, the pecuniary loss suffered is the result of the death of livestock, to an amount equal to the market value of the livestock before it was killed, less the salvage value of the carcass, or to an amount of two rand per kilogram, calculated on the gross mass of the livestock before it was killed, whichever amount is the lesser.

(b) The Administration shall be liable for loss arising from delay, if the delay is attributable to negligence on the part of the Administration: Provided that the liability of the Administration for delay is limited to an amount equal to the pecuniary loss suffered as a result of the delay, or to an amount of five rand per kilogram in the case of goods other than livestock, and two rand per kilogram in the case of livestock, calculated on the gross mass of the consignment delayed, whichever amount is the lesser.

(c) In the application of this regulation, livestock shall mean any animal or bird, whether alive or dead, and any meat or carcass of such animal or bird.

(d) When a claim for compensation in respect of damage to a consignment or part of a consignment of goods is lodged against the Administration in terms of section 64 of the Act, the Administration may, in its discretion, at any time remove such damaged consignment or such damaged part from the claimant's premises or from any other place where the damaged goods may be stored, and deposit it in an excess depot."

Regulation 65

Substitute the following for this regulation:

Premium for increased liability

“65. (a) If the market value of goods tendered to the Administration for transport at railway risk, exceeds—

(i) in the case of goods, other than livestock, an amount of five rand per kilogram, calculated on the gross mass of the goods; or

(ii) in die geval van lewende hawe, 'n bedrag van twee rand per kilogram bereken op die bruto massa van die lewende hawe;

kan die persoon wat die goedere aan die Administrasie vir vervoer oorhandig, versoek dat die Administrasie sy aanspreeklikheid per kilogram massa tot sodanige hoër waarde per kilogram massa verhoog as wat daardie persoon aangee, in welke geval die Administrasie se aanspreeklikheid vir beskadiging, verlies of vertraging van sodanige goedere ingevolge regulasie 64 beperk sal wees tot die markwaarde van die goedere, of tot sodanige hoër aangegewe waarde per kilogram massa, welke bedrag ook al die minste is, mits sodanige persoon tydens oorhandiging van die goedere aan die Administrasie, as vergoeding vir die groter risiko, benewens die normale spoorvrag, die toepaslike premie betaal soos in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* voorgeskryf.

(b) Die Administrasie kan die inhoud van enige houer waarvoor ingevolge paragraaf (a) 'n groter risiko aanvaar word, ondersoek en vir hierdie doel moet die afsender alle sodanige houters op sy eie koste oopmaak en weer toemaak, as 'n dienaar dit vereis.

(c) Wanneer 'n premie ingevolge paragraaf (a) betaal is, bring die Administrasie 'n gepaste endossement op die vragbrief aan."

Regulasie 66

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Wyse waarop eise teen die Administrasie ingestel moet word

„66. (a) Wanneer 'n eis ingevolge artikel 64 (3) (a), (b), (c), (d), (e) of (f) van die Wet teen die Administrasie ingestel word, moet dit op die toepaslike vorm soos in paragraaf (f) uiteengesit, hetsy per hand of per pos, by die Administrasie ingedien word.

(b) Wanneer 'n eis vir die beskadiging van 'n besending goedere, die beskadiging van 'n gedeelte van 'n besending goedere, die verlies van 'n gedeelte van 'n besending goedere of die vertraging van 'n besending goedere ingevolge paragraaf (a) ingestel word, moet die geadresseerde se afskrif van die afleweringbrief wat op die eis betrekking het, of 'n fotostaat daarvan, aan die vorm waarop die eis ingedien word, geheg word.

(c) Wanneer 'n eis vir die verlies van 'n hele besending goedere ingevolge paragraaf (a) ingestel word, moet 'n afskrif van die vragbrief wat op die eis betrekking het, of 'n fotostaat daarvan, aan die vorm waarop die eis ingedien word, geheg word.

(d) Dokumentêre bewys ter staving van die markwaarde of die bergingswaarde, na gelang van die geval, van die goedere ten opsigte waarvan geëis word, of kwotasies ter staving van herstellkoste wat geëis word, moet geheg word aan alle eise bedoel in paragrawe (b) en (c) tydens indiening daarvan.

(e) As die omvang van die skade of enige ander inligting of stuk op die datum waarop die eis kragtens artikel 64 van die Wet ingestel moet word, nog nie bekend of beskikbaar is nie, moet die vorm waarop die eis ingedien word toepaslik geëndosseer en die eis binne die voorgeskrewe tydperk ingestel word: Met dien verstande dat die uitstaande inligting of stukke so spoedig moontlik nadat dit beskikbaar is, ingedien moet word.

(ii) in the case of livestock, an amount of two rand per kilogram, calculated on the gross mass of the livestock,

the person tendering the goods to the Administration for transport, may request the Administration to increase its liability per kilogram mass to such higher value per kilogram mass as declared by that person, in which case the liability of the Administration in respect of damage to, loss or delay of such goods shall, in terms of regulation 64, be limited to the market value of the goods or to such higher declared value per kilogram mass, whichever amount is the lesser, provided that such person when he tendered the goods to the Administration shall have paid over and above the normal railage, as compensation for the greater risk, the relevant premium prescribed in the *Official Railway Tariff Book*.

(b) The Administration may examine the contents of any container for which a greater risk is accepted in terms of paragraph (a), and for this purpose all such containers shall be opened and refastened by the consignor at his own expense, if so required by a servant.

(c) When a premium has been paid in terms of paragraph (a), the Administration will make a suitable endorsement on the consignment note."

Regulation 66

Substitute the following for this regulation:

Manner in which claims shall be lodged against the Administration

"66. (a) When a claim is lodged against the Administration in terms of section 64 (3) (a), (b), (c), (d), (e) or (f) of the Act, it shall be submitted either by hand or by post to the Administration on the appropriate form as set out in paragraph (f).

(b) When a claim is lodged in terms of paragraph (a) for the damage to a consignment of goods, the damage to part of a consignment of goods, the loss of part of a consignment of goods or the delay of a consignment of goods, the consignee's copy of the delivery note relating to the claim or a photostat thereof, shall be attached to the form on which the claim is submitted.

(c) When a claim for the loss of a full consignment of goods is lodged in terms of paragraph (a), a copy of the consignment note relating to the claim, or a photostat thereof, shall be attached to the form on which the claim is submitted.

(d) Documentary evidence in support of the market value or the salvage, as the case may be, of the goods in respect of which a claim is made, or quotations in support of cost of repairs claimed, shall be attached to all claims referred to in paragraph (b) and (c) when the claims are submitted.

(e) If the extent of the damage or any other information or papers is unknown or unavailable on the date on which the claim has to be lodged in terms of section 64 of the Act, the form on which the claim is submitted shall be endorsed appropriately and the claim shall be lodged within the prescribed period: Provided that the outstanding information or papers shall be submitted as soon as possible after becoming available.

(f) Eise moet op die toepaslike vorm soos hieronder aangedui, by die Administrasie ingedien word:

(i) Eise vir besering of dood van persone (behalwe eise ingevolge die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972) asook vir enige eiendom wat in dieselfde voorval waarin die persone beseer of gedood is, vernietig of beskadig is: Bylae 1;

(ii) eise vir skade aan eiendom weens brande ingevolge artikel 69 of 70 van die Wet: Bylae 2;

(iii) eise vir besering, dood, verlies of vertraging van lewende hawe: Bylae 3;

(iv) eise vir beskadiging, verlies of vertraging van gevaarlike goedere: Bylae 4;

(v) eise vir beskadiging, vernietiging of verlies van vraghouers (met die uitsondering van die inhoud): Bylae 5;

(vi) eise vir beskadiging, verlies of vertraging van goedere (behalwe gevaarlike goedere en lewende hawe) in deurvoer, waar die bedrag wat geëis word meer as R50 bedra: Bylae 6;

(vii) eise vir beskadiging, verlies of vertraging van goedere (behalwe gevaarlike goedere en lewende hawe) in deurvoer, waar die bedrag wat geëis word nie meer as R50 bedra nie: Bylae 7;

Regulasies 67 tot en met 75 en 103

Skrap hierdie regulasies.

Regulasie 108

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Merk en adresseer van goedere

„108. Die Administrasie kan weier om goedere vir vervoer aan te neem wat nie gemerk of geadresseer is nie volgens die voorskrifte wat van tyd tot tyd deur die Administrasie uitgereik word: Met dien verstande dat indien die Administrasie wel sodanige goedere vir vervoer aanneem, die Administrasie nie aanspreeklik is vir skadevergoeding ten opsigte van die verlies of vertraging van sodanige goedere nie.”

Regulasie 109

Wysig hierdie regulasie deur paragraaf (a) deur die volgende te vervang:

„(a) Die Administrasie kan vereistes in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* voorskryf insake die wyse waarop enige klas goedere vir vervoer verpak moet wees, en as sodanige vereistes voorgeskryf is in verband met 'n besondere klas goedere, kan die Administrasie weier om goedere van daardie klas vir vervoer aan te neem tensy dit ooreenkomstig sodanige vereistes verpak is. Goedere wat vir vervoer aangeneem word waarvoor die Administrasie nie verpakkingsvereistes of laaipatrone voorgeskryf het nie of wat, alhoewel daar verpakkingsvereistes of laaipatrone voorgeskryf is, nie volgens die voorgeskryfde wyse verpak of gelaai is nie, sal slegs op eienaarsrisiko vervoer word.”

Regulasie 110

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Gevaarlike goedere

„110. Die Administrasie kan gevaarlike goedere wat ooreenkomstig die vereistes voorgeskryf in die *Offisiële Spoorwegtariefboek*, verpak, gemerk, geëtiketteer en verklaar is, vir vervoer aanneem: Met dien verstande dat sodanige vervoer slegs op eienaarsrisiko onderneem word: Met dien

(f) Claims shall be submitted to the Administration on the appropriate form as indicated below—

(i) claims for the injury or death of persons (except claims in terms of the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act, 1972) as well as for any property destroyed or damaged in the same incident in which the persons were injured or fatally injured: Schedule 1;

(ii) claims for damage to property as a result of fires in terms of section 69 or 70 of the Act: Schedule 2;

(iii) claims for the injury, death, loss or delay of livestock: Schedule 3;

(iv) claims for damage to, loss or delay of dangerous goods: Schedule 4;

(v) claims for damage to, destruction or loss of freight containers (excluding the contents): Schedule 5;

(vi) claims for damage to, loss or delay of goods (other than dangerous goods and livestock) in transit, where the amount claimed exceeds R50: Schedule 6;

(vii) claims for damage to, or loss or delay of goods (other than dangerous goods and livestock) in transit, where the amount claimed does not exceed R50: Schedule 7.”

Regulations 67 to 75 inclusive, and 103

Delete these regulations.

Regulation 108

Substitute the following for this regulation:

Marking and addressing of goods

“108. The Administration may refuse to accept for transport goods not marked or labelled in accordance with the instructions issued from time to time by the Administration: Provided that if the Administration should accept such goods for transport, the Administration shall not be liable for compensation in respect of the loss or delay of such goods.”

Regulation 109

Amend this regulation by the substitution of the following for paragraph (a):

“(a) The Administration may prescribe in the *Official Railway Tariff Book* requirements as to the manner in which any class of goods shall be packed for transport and, if any such requirements have been prescribed in relation to a particular class of goods, the Administration may refuse to accept for transport goods belonging to that class unless they are packed in accordance with such requirements. Goods accepted for transport for which the Administration has not prescribed packing requirements or loading patterns, or which, although packing requirements or loading patterns have been prescribed, have not been packed or loaded in the prescribed manner, shall be transported at owner's risk only.”

Regulation 110

Substitute the following for this regulation:

Dangerous goods

“110. The Administration may accept for transport dangerous goods packed, marked, labelled and declared in accordance with the requirements prescribed in the *Official Railway Tariff Book*: Provided that such transport shall only be undertaken at owner's risk: Provided

verstande voorts dat indien gevaarlike goedere wat nie ooreenkomstig die vereistes voorgeskryf in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* verpak, gemerk, geëtiketteer of verklaar is nie, vir vervoer aangeneem word en sodanige goedere skade aan die eiendom van die Administrasie of van derde partye veroorsaak, die afsender van sodanige goedere aanspreeklik is om sodanige verlies aan die Administrasie te vergoed."

Regulasie 129

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

Bestelvoertuie nie verplig om private persele binne te gaan nie

„129. Die bestuurders van bestelvoertuie van die Administrasie of van sy aannemers is nie verplig om sulke voertuie tot op die persele van 'n afsender, geadresseerde of ontvanger van goedere, na gelang van die geval, te neem nie."

Regulasie 131

Wysig hierdie regulasie deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) deur die volgende te vervang:

„(i) Daar word beskou dat die aflewering van goedere deur die Administrasie voltooi is en dat die aanspreeklikheid van die Administrasie ophou op daardie tydstip waarop die voertuig waarmee die goedere vervoer word, op 'n openbare pad tot voor die regte ingang na die geadresseerde se persele gebring en die sleepwa afgehaak word of, indien die sleepwa nie afgehaak word nie, die goedere op die kant van die voertuig geplaas word op so 'n wyse dat dit redelik gerieflik vir die geadresseerde is om dit af te laai: Met dien verstande dat die bestuurder van die bestelvoertuig na goeddunke die voertuig of sleepwa tot op die persele van die geadresseerde kan bring: Met dien verstande voorts dat indien die geadresseerde se persele egter moeilik bereikbaar is met die soort voertuig waarmee die goedere vervoer word of nie aan 'n openbare pad geleë is nie, daar beskou word dat aflewering van die goedere voltooi is wanneer die voertuig tot op die naaste plek aan die ingang na die geadresseerde se persele gebring is wat redelik bereikbaar is op 'n geskikte gemacadamiseerde pad teen 'n redelike helling, en die sleepwa afgehaak is of die goedere op die kant van die voertuig geplaas is soos hierbo bepaal."

Regulasie 145

Skrap hierdie regulasie.

Regulasie 189

Wysig hierdie regulasie—

(a) deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) Verkeer na of van private slyne word op eienaarsrisiko vervoer: Met dien verstande dat—

(i) as verpakkingsvereistes vir goedere voorgeskryf is en daardie vereistes nagekom is;

(ii) as die goedere onder bevoegde toesig gelaai is ooreenkomstig 'n patroon wat deur die Administrasie goedgekeur of voorgeskryf is; en

(iii) as die goedere volgens die oordeel van die Administrasie behoorlik gestu is,

die Administrasie aanspreeklik sal wees vir enige skade aan sodanige goedere wat deur nalatigheid aan die kant van die Administrasie of sy dienare veroorsaak is;"

(b) deur paragraaf (c) te skrap.

further that if dangerous goods that are not packed, marked, labelled or declared in accordance with the requirements prescribed in the *Official Railway Tariff Book*, are accepted for transport and such goods shall cause damage to the property of the Administration or third parties, the consignor of such goods shall be liable to compensate the Administration for such loss."

Regulation 129

Substitute the following for this regulation:

Cartage vehicles not obliged to enter private premises

"129. The drivers of cartage vehicles of the Administration, or of its contractors, shall not be bound to take such vehicles into the premises of a consignor, consignee or receiver of goods, as the case may be."

Regulation 131

Amend this regulation by the substitution of the following for sub-paragraph (i) of paragraph (a):

"(i) The delivery of goods by the Administration shall be deemed to have been completed and the liability of the Administration shall cease at that point in time when the vehicle conveying the goods is brought to the appropriate entrance to the consignee's premises on a public road and the trailer is uncoupled, or, if the trailer is not uncoupled, the goods are placed on the side of the vehicle in a manner reasonably convenient for the consignee to offload: Provided that the driver of the cartage vehicle may in his discretion take the vehicle or trailer into the premises of the consignee: Provided further that if the consignee's premises are difficult to approach with the type of vehicle conveying the goods or are not situated on a public road, delivery of the goods shall be deemed to have been completed when the vehicle is brought to the nearest point to the entrance to the consignee's premises which is readily approachable on a suitably macadamised road on a reasonable gradient, and the trailer has been uncoupled or the goods have been placed on the side of the vehicle as provided above.

Regulation 145

Delete this regulation.

